

Rut 4 - Die wêreld van die teks en die wêreld agter die teks

1. Die wêreld van die teks

1.1 Die struktuur van Rut 4

Rut-tek	Inhoud
4:1-2	Boas in die dorpspoort en die voorbereiding vir die lossingsprosedure
4:3-12	Boas en die lossers Boas, die oudstes en die volk
4:13-17a	Die huwelik word voltrek met 'n seuntjie Die vroue van Betlehem, die buurvroue en Naomi
4:17b	Die oorgangsvers: Die kort geslagsregister
4:18-22	Die geslagsregister van koning Dawid

2. Die wêreld agter die teks

- 2.1 Die rol van die dorpspoort: 'n Publieke ruimte, 'n handelsruimte, die regspraak-ruimte ("10 oudstes", simbolies van die geheel, "magistraat" (1 Kon. 21:11), kworum vir regspraak, 10 mans minimum getal vir sinagoge), die plek van publieke lof om eer te vermeerder.
- 2.2 Die familie Elimeleg: Onvervreembare grond, die erfreg, die lossersreg (Boas vir familie van Elimeleg), Obed as lossers vir Naomi ('n erfgenaam seun om die familiegrond onvervreembaar te maak).
- 2.3 Die her-interpretasie van die familie-erfreg (Num. 27:1-11; 36:1-12), die lossersreg (Deut. 25:5-10) en die Jubilee (Lev. 25:13-17).
- 2.4 Boas en die lossingsprosedure: Die belang van die lossers se naam (DV en NAV noem die lossers, "die lossers van wie gepraat word" of "die man"), Pelonie Almonie (so-en-so). Hoekom? Moontlik as 'n onbelangrike verbygaande karakter (Prinsloo 1982:79). Pelonie Almonie 'n nader verwante lossers as Boas. Hy is bereid om die erfgrond te koop. Rut word voorgestel as die weduwee van die oorledene. As So-en-so as lossers optree sal die familie Elimeleg 'n naam, nageslag en verseker wees van grond ('n erfplasing). Dit bring So-en-so se eie kinders se erfplasing in gedrang en hy laat vaar sy losserskap. Dit word bevestig met die rituele verwydering van die "sandaal" en om die sandaal vir ander party te gee. Boas volg die regsprosedure, en ontvang op eerbare wyse die lossersreg. Dit word bevestig deur die "familiehoofde" as getuies. In Nuzi-tekste om die wisseling van eienaarskap van grond te bevestig, het die "gewese eienaar" sy een voet van sy grond opgelig en die "voete" van die nuwe eienaar op die grond neergesit as bewys van eienaarskap. In die Ou Testament om jou "voete" op 'n grondgebied te plaas, het eienaarskap beteken (Deut. 1:36; Jos. 1:3; 14:9).

- 2.5 Die aarstvaderverhaal van Jakob, Ragel en Lea, Betlehem, Efrata, Gen. 38, Juda, Tamar en Rut 4. Die oudstes van Betlehem identifiseer die oorsprong van Israel in terme van die “aartsmoeders” Ragel en Lea.
- 2.6 Naomi, die grootmaakma, die lossers Obed (afgelei van dienskneg) en die naamgewing deur die vroue. Die Ou Testament nie onbekend met die gedagte van ‘n grootmaakma of ‘n familielid wat ‘n kind groot maak nie (2 Sam. 4:2; 2 Kon. 10:1,5; Ester 2:7, 20; Jes. 29:23). Om Obed op haar skoot te neem het Naomi te kenne gegee dat sy Obed as haar eie kind aanneem. Dit is ongewoon dat “die buurvroue” Obed se naam gee, want gewoonlik die ouers wat die name gee (1 Sam. 4:20; 2 Sam. 12:25).
- 2.7 Rut en die waarde van die sewe seuns. Dogters kon erf (Num. 27:1-11). Seuns is egter in antieke wêreld van “groter belang” as dogters geag. Om sewe seuns te hê was ‘n Israelitiese ideaal (1 Sam. 2:5; Jer. 15:9). Rut is meer werd as die ideale getal seuns. Haar *hesed* en deugszaamheid oortref alles.
- 2.8 Die lossingsreg in Rut 4 en Deut. 25. Die taak van ‘n lossers het die volgende ingesluit: Die terugkoop van verbeurde familiegrond wat verloor is as gevolg van armoede (Lev. 25:25), ‘n verarmde familielid uit slawerny los te koop (Lev. 25:48 ev), lossingsreg uitgeoefen vir bloedwraak (Num. 35:12 ev), om met weduwee te trou en verwekking van nakomeling om familienaam te laat voortleef, die sg. leviraatshuwelik (Deut. 25:5-10).
- 2.9 Die betekenisvolheid van die geslagsregister in Rut 4:11-17: Obed was die vader van Dawid. Elimeleg, my God is Koning. God regeer as Koning.
- 2.10 Die geslagsregister van koning Dawid (Peres tot Dawid) in Rut 4:18-22 en 1 Kron. 2:4-15.
- 2.10.1 Peres die seun van Juda, die Efratiet van Betlehem.
- 2.10.2 10 geslagte van Peres tot Dawid (10 afgeronde getal) – 5 pre-Moses (Peres tot Nagson) en 5 post-Moses (Salmon tot Dawid). Peres was gebore terwyl Jakob nog geleef het en voordat sy familie Egipte toe vertrek het as gevolg van die hongersnood. Gesron, Ram, Amminadab, Nagson en Salmon die woestyn-tydperk in herinnering roep. Nagson was die leier van die stam van Juda in die woestyn (Num. 1:7; 2:3; 10:15). Nagson het die offer namens die stam van Juda gebring toe Moses die tabernakel opgerig het. Sy suster, Eliseba, was die vrou van die hoëpriester, Aäron. Die Rut-skrywer onthou die Dawid van die Kronieke-boek.